

Vrydag 3 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Samuel 1:1-28

Fokusgedeelte: 1 Samuel 1:11

Samuel – van die HERE gebid

Hanna leef in 'n tyd wat die deformasie in Israel groot is. Dit is sigbaar in die geheel. In Silo het die volk offers aan die Here gebring. Daar het die ark van die Here op die oomblik gestaan. Maar juis daar waar die erediens aan die Here verrig word, is die boosheid aanwesig.

In Silo was Hofni en Pineas, die twee seuns van Eli, priesters. Hierdie twee mans was slegte mense, hulle het die Here nie erken nie (1 Sam. 2:12). Waar die priesters van die Here wegbeweeg, daar lei hulle die volk die afgrond in.

Die deformasie is ook sigbaar in die gesin van Elkana. Penina het vir Hanna bitterlik geterg omdat sy nie kon kinders kry nie. Dit het nie net een keer gebeur nie. Van jaar tot jaar is sy oor haar onvrugbaarheid geterg. Dit is liefdeloos om iemand oor so 'n kwesbare saak te spot.

Ondanks die donker wolke in Hanna se lewe en in die lewe van God se volk, gaan sit hierdie vrou nie in sak en as nie. Met haar nood gaan sy na God toe. Sy weet Hy is die enigste wat uitkoms kan gee. In haar hartseer bid sy en spreek die Here aan as HERE van die leë skare. Sy maak 'n gelofte aan die almagtige God. Die gelofte is 'n hoë, intensiewe vorm van omgang met die Here. Sy wil 'n seun van die Here ontvang om hom ook weer aan die Here af te staan. Op dié manier wil sy diensbaar wees in die koninkryk van God.

Die Here gebruik dié vrou in sy Raadsplan. Sy sal geboorte gee aan Samuel. 'n Seun wat later as profeet vir die Here sal dien. Die Here sal hom gebruik in sy verlossingsplan. Die geskiedenis van God se volk gaan so gereeld oor die onmag van mense, maar nooit het dit die werke van die Here gekeer nie. Sy verbond gaan voort.

Hierin vind ons troos vandag. Uit die verbond is Jesus Christus gebore. Die Here se Raadsplan staan vas, hoe swaar die omstandighede van die dag ook al is. Hoe uitsigloos sommige sake ook vir mense kan lyk, ons weet vanuit die geloof dat ons altyd tot God kan nader. Jesus Christus is nou in die hemel aan die regterhand van God. Daar waar ons vanuit ons nood bid, tree Hy vir ons as Voorspraak in.

Die HERE is Koning!

Sing: Psalm 145-1:1, 12

Ds. GP Meijer (Gerben) (Vryburg)